

9 Julie

Romeine 8:18-30, (Teks: 8:23)

Christenmense is heimwee-mense

Christenmense is altyd heimwee-mense. Hulle hunker egter nie na dit wat was nie, maar na dit wat kom. Hulle het 'n toekoms-heimwee.

Baie moderne gelowiges het hierdie toekoms-heimwee verloor. Hulle leef soos molle wat kop onderstebo in die grond aanploeter. Hulle kyk nie op en sien die verre horisonne raak nie. Die maranata-roep: "Kom, Here Jesus" het stil geword onder ons mense. Wat kan die rede daarvoor wees? Miskien gaan dit met ons te goed. Miskien is ons so besig met die alledaagse dinge dat die horison van God se nuwe wêreld heeltemal uit ons gesigsveld verdwyn het.

Maar waar Christene swaarkry, daar word hulle toekomsverwagting weer helder.

Maar God het aan ons 'n Gawe gegee wat daardie toekoms-heimwee brandend hou. Hierdie Gawe is die Heilige Gees as Eerstelingsgawe. In die ou Testament moes Israel met Paasfees 'n eerstelingsoffer aan God bring. Die gedagte daarvan was: In die eerstelingsoffer is die hele oes geseën. Die gelowige het daarmee sy vertroue in God gestel dat Hy ook die res van die oes sal gee.

In die Nuwe Testament keer God die orde om. HY gee met Pinkster die Heilige Gees as Eerstelingsgawe aan ONS en verseker ons dat ons ook die res van die oes sal ontvang. En die res van die oes is die hemelse Vaderhuis wat Christus vir ons verwerf het.

Daarom is Christene heimwee-mense. Ons sug na, ons verlang na die volle oes. Soos 'n vrou in kraam smag dat die geboorteproses verby moet kom, so smag ons na God se nuwe wêreld.

Daarom wag ons daarop met volharding.

Sing: Skrifberyming 14:2

Ds. W.J. Botha (Barkly-Oos)